

Dinsdag 30 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 2:1-13

Fokusgedeelte: Handeling 2:1-4

Wat glo jy van die Heilige Gees?

Die opskrif kan ook lui: “Wie is die Heilige Gees?” Of: “Wat doen die Heilige Gees?” Doen moeite en lees Sondag 20 van die Heidelbergse Kategismus en Artikel 11 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (agter in die Psalmboek) aandagtig deur.

Die belangrikste wat ons moet glo, is: Die Heilige Gees is saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. Die Vader is God, die Seun is God en die Heilige Gees is God. En onthou: die Heilige Gees is ’n Persoon, die derde Persoon van die Drie-eenheid. Teen die Heilige Gees kan gesondig word en die Heilige Gees kan bedroef gemaak word.

Die Heilige Gees, sê die Kategismus, is “aan my” gegee ... Op Pinksterdag is die Heilige Gees uitgestort oor almal wat daar in Jerusalem byeen was, maar dit is ook “aan my” gegee. Hoor net hoe persoonlik is dit: God gee dit ook aan my! En wat doen die Heilige Gees aan my en in my? Hy laat my, deur ’n ware geloof, deel kry aan Christus en al sy weldade wat Hy aan die kruis verwerf het.

Die Heilige Gees dra daardie weldade in my lewe in en giet dit oor my uit. Watter weldade? Vergewing van sondes, die sekerheid dat ek herstel is as kind van God en weer met God versoen is. In die proses vernuut die Heilige Gees my, wederbaar die Heilige Gees my, werk Hy die ware geloof in my, lei my op die bekeringsweg terug na Jesus Christus en eindig sy werk in my deur my die ewige lewe deelagtig te maak. Belangrik: Die Heilige Gees werk altyd deur die Woord van God in my. Nooit los van die Woord nie.

Die Heilige Gees deel uit en ons ontvang. Ons ontvang oneindig baie. Sien dit raak!

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2 (of 14:1, 2)

Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)